# ‘N KIND IS VIR ONS GEBORE!

Jes 9:1-6

KRISIS EN BELOFTE

**Koning Agas van Juda is in GROOT nood**. Sy volk is in ‘n krisis! Hulle voortbestaan word bedreig. Israel en Sirië maak gereed om hulle aan te val. Die oorlogswolke pak saam. (Lees 7:2)

**Maar dan stuur God die profeet** Jesaja na Agas toe met die woorde: *“Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie!”* (:4) God vra net dat hulle Hom moet vertrou, en voeg dan ‘n waarskuwing daaraan toe: *“Maar ook julle sal nie standhou as julle nie in geloof standhou nie.”* (:9)

**Agas kyk uit vir ‘n magtige bondgenoot** met baie soldate wat hom en sy volk kon verlos. God antwoord met die belofte van **‘n kind!** 7:14 *“Die Here sal daarom self vir julle ‘n teken gee: ‘n Jong vrou sal swanger word en ‘n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.”*

**In Jes 7-11 is 8 verskillende tonele** waarin na een of ander aspek van die politieke krisis verwys word. Terselfdertyd word in elk van die 8 tonele ook verwys na **kinderfigure** te midde van die krisissituasie. Elke keer as daar ‘n faset van die militêre krisis na vore gebring word, verskyn daar ‘n kind op die toneel – 8 tonele, 8 kinders. Hulle is nie bedoel as *kinderoffers* nie. Hulle word ook nie as *kanonvoer* of *soldate* gebruik soos wat tot vandag toe nog soms gebeur nie. Hulle is seuns van Jesaja. Sommige van hulle het simboliese name.

**So het ons ook in vers 5 gelees dat die profeet ‘n boodskap van verlossing bring DEUR ‘N KIND WAT GEBORE GAAN WORD** (9:5).

ONGELOWIGE REAKSIE

**Wat sal die benoude koning nou doen?** Agas sien nie kans om God te vertrou nie. Hy het meer vertroue in sy eie planne. Hy soek hulp by **Assirië.** Met hulle bystand het hy gereken behoort hy sterk genoeg te wees om die aanslag af te weer.

**Dis nog nie al nie!** Volgens 2 Konings 16 het Agas by geleentheid van sy kinders as brandoffer geoffer. Gewoonlik is sulke offers aan afgode gebring om ‘n dreigende ramp af te weer. Ons kan goedskiks aanvaar dat Agas hom ook in hierdie geweldige krisis daaraan skuldig gemaak het.

En ons?

**Wat maak ons as ons in die moeilikheid is?** As dit soos destyds in Juda ook *donker* is om ons? … gesondheid agteruitgaan … verhoudings nie

wil uitwerk … druk by die werk of die skool toeneem… ekonomie verswak … misdaad vererger … sondes my inhaal? Party mense raak dan depressief en negatief oor alles, kla onophoudelik, gee ander die skuld, doen iets oneerliks, of onverantwoordeliks: gaan bv aan die drink of dobbel of gebruik dwelms, pleeg selfmoord…
**Ons kan vandag leer uit Agas se foute.**

RAMPSPOEDIGE GEVOLGE
Agas se plan het **geboemerang**. In ruil vir hulle hulp, sou **hy en sy volk** voortaan **aan Assirië** onderdanig moes wees. Dit het *godsdienstige onderdanigheid* aan die gode van Assirië én *swaar belastings* beteken (daar is selfs van die tempelskatte geneem om Assirië mee te betaal). Op die ou end is die volk in *ballingskap* weggevoer – soos wat Jesaja gewaarsku het met die woorde: *"Maar ook julle sal nie standhou as julle nie in geloof standhou nie."*

GOD GEE SY KIND
Nadat God se volk vir baie eeue uitgesien het na 'n magtige Messias om hulle uit hul politieke ellende te kom red, **antwoord God weer** met 'n Kind.

**Agas en ons hoef nie** kinders te offer om God daarmee te probeer omkoop nie, **Want: God het SY Kind vir ons geoffer**. *"... aan ons is 'n Seun gegee*."
Volgens baie verklaarders verwys hierdie woorde na die Here Jesus. Dit is wel sowat 750 jr voor Christus se geboorte uitgespreek, maar die vervulling daarvan was so seker dat dit in die verlede tyd geskryf is asof dit al klaar gebeur het. **Hierdie Kind het gely en gesterf, maar ook weer opgestaan en sit aan die regterhand van God**.
**Hy bevestig die visioen** wat Jesaja volgens hoofstuk 6 gesien het: God is op die troon; Hy is in beheer. **Solank ons net met HOM rekening hou**, hoef ons nie paniekerig te raak en ons tot allerhande bedenklike *mense* en *middele* en *metodes* te wend om uit die moeilikheid te kom of ons daarteen te beskerm nie.

Is jy **raadop**? Hy is die Wonderbare Raadsman.
Voel jy **swak en uitgelewer**? Hy is die Magtige God.
Jy hoef **nooit eensaam en verworpe** te voel nie, want jy het 'n Ewige Vader.
Is jy **bang, ontsteld en soek jy na die herstel van verhoudinge**? Hy is die Vredevors!

VERTROU HOM

**HY, die God op die troon, is die bepalende faktor** – nie die magtiges en invloedrykes van hierdie wêreld nie. Hy is Pa van die geskiedenis – *History is His story*. Die geskiedenis **herhaal** homself nie maar net oor-en-oor nie. God het ‘n nuwe begin kom maak. **Hy kan dit ook met jou lewe doen.**

*“Maar ook julle sal nie standhou as julle nie in geloof standhou nie.”*

**Vertrou Hom**. Hy kan voor begin. ‘n Nuwe jaartelling het met Sy geboorte begin. Hy kan duisternis in lig verander. Hy het dit reeds deur Jesus Christus gedoen. Daarom kan ons moed skep en leef.

**Daarom kan ons die loflied van Jesaja 12 ons eie maak en vrolike Kersliedere sing**. Ja, aardverwarming is ‘n probleem, so ook misdaad, werkloosheid en armoede. Ons het nog baie en magtige vyande. Die Bose is steeds ‘n probleem. Hy loop rond soos ‘n brullende leeu, of soms soos ‘n engel van die lig, MAAR:

*“Vir ons is ‘n Seun gebore,*
*aan ons is ‘n Seun gegee;*
*Hy sal heers, en Hy sal genoem word:*
*Wonderbare Raadsman,*
*Magtige God,*
*Ewige Vader,*
*Vredevors.”*

Amen.